


Klere vir die manne

Pa en sy grootman sal heerlik saam kan ontspan as jy vir hulle elkeen 'n lekker los broek en bypassende hemp maak. Deur Riana van der Merwe



foto's PIERRE VAN DEN BOSCH; modelle CARL van HEADS en ZANDRÉ

ALGEMENE AANWYSINGS

- Naattoelatings is deurgaans 1 cm.
- Gebruik deurgaans bypassende masjiengare.
- Pas pante met RK teenmekaar wanneer jy nate stik.
- Gebruik blokpatroonpapier – die blokkies is 2 x 2 cm – om diagramme op te vergroot.
- Maak só jou eie papierpatrone: Merk patroonbuitelyn op blokke met kolletjies. Verbind dan met soliede lyn. Elke vel blokpatroonpapier is 73 x 98 cm groot.
- Pars gereeld namate kledingstuk vorder.

AFKORTINGS

VP = voorpant; AP = agterpant; MA = middel agter; MV = middel voor; NT = naattoelating; RK = regte kant; VK = verkeerde kant.

MATE

Die patrone is ontwerp om te pas vir manskootte 34-36 (medium) en seuns van sewe tot agt jaar.

MANS-T-HEMP

JY HET NODIG

1,05 m T-hempstof, 150 cm breed, of 1,6 m – 115 cm breed; 12 cm rif-

felstofafwerking – sny strook van 37 cm; klein stukkie katoen wat van kortbroek oorbly vir gebruik op sak.

MAAK SÓ

1. Sak: Sny 1 strook katoen van 5 cm, net so breed soos sakkie. Pars some aan bo- en onderkant en stik aan bokant van sak vas. Pars 1 cm-some aan 3 sye van sak en 3 cm-some aan bokant van sak. Stik sak se boonste soom vas.
2. Speld sak in posisie en stik vas.
3. Stik skouernate.
4. Merk moukoppe se middel en speld aan mouholtes vas by skouernate. Stik moue vas.
5. Stik sy- en moue se onderarm-nate toe.
6. Stik ruffelstofafwerking vas om sirkel te verkry. Vou dubbel en speld aan halslyn vas sodat ruffel-naat op linkerskouernaat lê. Trek ruffelstofafwerking effens wanneer jy dit vasstik.
7. Vou NT by hals binnetoe en stik NT aan hemp vas op RK.
8. Stik moue en hemp se some.

MANSKORTBROEK MET SAKKE

JY HET NODIG

1,2 cm katoen, 115 cm breed, of 65

cm – 150 cm breed; 70 cm broekrek – meet middellyf.

MAAK SÓ

1. Stik VP vas by MV en AP by MA.
2. Speld sak in posisie – RK van sak op RK van broek se synaat. Stik vas. Pars sakke buitekant toe.
3. Herhaal met ander 2 sakpante op broek-AP. Maak seker dat sakke oormekaar pas.
4. Speld broek-VP en -AP vas by synate en stik synate om sakke. Dop om en pars synate sodat sakke plat lê na VP se kant toe.
5. Stik kruisnaat.
6. Stik rek vas om sirkel te verkry. Pars broek op voulyn by middellyf. Plaas rek in soom en stik toe sodat rek binne-in soom lê. Maak bo-stiksel op RK sodat rek vasgestik word.
7. Opsioneel: Werk toutjie vas op rek, by MV, wat kan vasbind – net vir ander voorkoms.
8. Stik broeksomme.

SEUNSHEMP MET KAPPIE

JY HET NODIG

60 cm T-hempstof, 115 of 150 cm breed; 40 cm katoen vir kappie – dieselfde as wat vir broek gebruik

gaan word.

MAAK SÓ

1. Stik kappie se MA-naat.
2. Stik kappie se soom.
3. Stik skouernate van hempie vas.
4. Knip skuinsstroke van 4 cm breed van T-hempstof. Las stroke op skuinste as hulle nie lank genoeg is vir mouholtes nie.
5. Vou skuinsstroke dubbel en plaas op RK van mouholtes. Stik vas en vou NT na VK. Maak bo-stiksel 3 mm van naat af op RK.
6. Stik synate en maak bo-stiksel op RK.
7. Speld kappie aan hemp vas sodat MA van kappie en hemp-AP ooreenstem. Stik vas. Vou NT terug en maak bo-stiksel – halslyn word dus ook nou afgewerk.
8. Stik hemp se soom.


SEUNSBROEK

JY HET NODIG

50 cm katoen, 115 of 150 cm breed; 50 cm broekrek – meet middellyf.

MAAK SÓ

1. Stik VP by MV vas.
2. Stik AP by MA vas.
3. Stik synate en kruisnate toe.
4. Volg aanwysings by mansbroek om rek by middellyf vas te stik.
5. Stik broek se some.



REGSTELLING

As jy die diagram vir dié stuk borduurwerk bestel het, en nie tevrede is daarmee nie, bel Riana van der Merwe by ROOI ROSE (011) 483-1070, sodat ons vir jou 'n duidelike diagram kan stuur.



VIONA VILJOEN het die kleres eksklusief vir ROOI ROSE ontwerp en gemaak.